



28 JANUARIE 2026

UITGAWE 536

TROTS, TOEWYDING EN TOP-PRESTASIES BY HS SWELLENDAM

Rozali Blignaut

Op Maandag, 12 Januarie, het Swellie-harte van trots gebars toe die matriekklas van 2025 se NSS-uitslae bekend gemaak is.

Die klas het 'n indrukwekkende klaskgemiddeld van 65,23% behaal. Uit die 71 matrikulante het 11 A-kandidate, 14 B-kandidate en 18 C-kandidate geslaag. Altesaam is daar 106 vakonderskeidings verower.

Lizzy Franken, bekend as 'n veelsydige sportvrou en 'n toegewyde, hardwerkende leerder, het besonders uitgeblink. Ná die bekendmaking van haar uitslae het sy die vrugte van haar ure lange harde werk gepluk toe sy as dux-leerder gekroon is. Lizzy spog met 'n uitmuntende gemiddeld van 93,17% en agt vakonderskeidings.

Hoërskool Swellendam is trots op elke matrikulant en hul prestasies en sien met afwagting uit daarna om te sien hoe hierdie klas sal voortgaan om die woorde "Altiora Semper" in die volgende hoofstuk van hul volwasse lewens uit te leef.

WELKOM TERUG '26

Jana van Niekerk

Ná 'n lang vakansie het Hoërskool Swellendam hul leerders met ope arms verwelkom en hulle sterkte toegewens vir die jaar wat voorlê. Die jaarlikse Welcome Back Sokkie was die perfekte geleentheid om die nuwe jaar af te skop.

Swellies het hul skoene uitgetrek en hul danspassies op die saalvloer gewys. Al was gesigte nog blou en rooi gevef ná die padwedloop, het dit niemand weerhou daarvan om 'n onvergeetlike aand te geniet nie.

Baie dankie aan die Studenteraad, hul ouers en die onderwysers wat die funksie gereël en aangebied het om die Swellies van 2026 opgewonde te maak vir die jaar wat voorlê.

OPEDAG: 4 MAART 2026

HOËRSKOOI SWELLENDAM
MATRIEKUITSIAE 2025

BAIE GELUK AAN AL ONS MATRIEKS
MET JUL PRAGTIGE NSS-UITSLAE.
ONS IS BAIE TROTS OP JULLE!

71 MATRIKULANTE | 11 A-KANDIDATE |
14 B-KANDIDATE | 18 C-KANDIDATE |
85% SLAAG MET MATRIKULASIEVRYSTELLING
KLASGEMIDDELD: 65,23 % | 106 VAKONDERSKEIDINGS

BAIE GELUK AAN DIE VOLGENDE KANDIDATE MET HUL VAKONDERSKEIDINGS:

DUX-LEIDER							
LIZZY FRANKEN 93,17% gemiddeld	8 vak A-simbole						
			Janica Schutte 92% gemiddeld 8 vak A-simbole	Mila Venter 90,5% gemiddeld 7 vak A-simbole	Mila Engelbrecht 90,17% gemiddeld 7 vak A-simbole	Imke Hay 87,67% gemiddeld 7 vak A-simbole	Tallulah Gells 86,33% gemiddeld 6 vak A-simbole
					Juweidre Windvogel 84,17% gemiddeld 4 vak A-simbole	René du Preez 83% gemiddeld 5 vak A-simbole	Jana Swart 81,67% gemiddeld 5 vak A-simbole
				Belinda Vermeulen 81,67% gemiddeld 5 vak A-simbole	Karien Heyns 80,5% gemiddeld 5 vak A-simbole		

(BO: Hoërskool Swellendam se A-kandidate vir 2025)

STUDENTERAADKAMP

Esinako Qotyiwe

Van 16 tot 18 Januarie het die Studenteraad van 2026 hul jaarlikse leierskapskamp in Hartenbos bygewoon. Die kamp was vir almal 'n naweek vol groei, uitdagings en pret.

Die Studenteraad is in vier groepe verdeel en het aan verskeie spanbou-aktiwiteite deelgeneem, asook gesprekke gevoer rondom die jaartema — die Swellie-wapenrusting. Een van die mees betekenisvolle oomblikke was toe die SR-lede mekaar se voete gewas het — 'n kragtige les dat ware leierskap oor diensbaarheid en die skep van vreugde vir ander gaan.

Die kamp is langs die see afgesluit waar die SR saamgestaan het as een. Hulle het Hartenbos verlaat, gereed om die uitdagings van 2026 met selfvertroue aan te pak.

Baie dankie aan die fasiliteerders van die kamp, mev. Alana Viljoen en mev. Ruzaan Blignaut, asook juf. Van Tonder, juf. Wilson, juf. Dreyer en mnr. Cornelissen, vir hul toewyding en uithouvermoë om by te dra tot die groei en toekoms van Hoërskool Swellendam se leiers.



(BO: Die Studenteraad sluit hul jaarlikse kamp langs die strand af)

GHOLF VS ROBERTSON

Greché Willemse

Op Maandag, 19 Januarie, het Hoërskool Swellendam se gholfspan die jaar afgeskop met 'n wedstryd in Robertson. Die span het uit agt spelers bestaan wat in twee groepe, A en B, verdeel is.

Groep A (Benji du Toit, Regardt Oosthuizen, Roscoe Hayles en Joel Johansen) het 'n uitstekende telling van 50 behaal, terwyl Groep B (De Villiers Louw, Nielen de Jager, Henco Meyer en Fonzo du Toit) 40 punte aangeteken het.

Die Swellie-familie is werklik trots op hierdie gholfspan en sien uit daarna om te sien hoe hulle in 2026 verder sal presteer.



(BO: Die A- en B-spanne het indrukwekkende tellings in Robertson behaal)

TENNIS VS CHARLIE HOFMEYR

Mariana Swanepoel

Die tennisseisoen het op 15 Januarie met sterk, vriendskaplike wedstryde teen HS Charlie Hofmeyr afgeskop. Hoërskool Swellendam se tennisspelers was gretig om met die seisoen te begin, en juffrou Calitz het daarom vroeg in die jaar 'n vriendskaplike wedstryd gereël.

Die Swellies het vertrek om Charlie Hofmeyr halfpad te ontmoet en die wedstryde is op Hoërskool Robertson se tennisbane gespeel.

Alhoewel die dogterspan verloor het, het die seunspan hul uitstekende van hul taak gekwyt en 'n sterk oorwinning behaal.



(BO: Die tennisspelers stem saam dat die wedstryde 'n uitstekende afkop vir die seisoen was)

BOLAND A-LIGA SWEMGALA

Mieke Smith

Dit was 'n sonnige dag in Stellenbosch toe 13 trotse swemmers van ons skool op Donderdag, 22 Januarie, aan hul eerste gala van 2026 deelgeneem het.

Die bus het om 12:00 vertrek en die swemmers moes sterk kompetisie in die gesig staar. Terugvoer oor die dag was uitsonderlik positief. Baie swemmers het hul persoonlike tye verbeter en die span het baie goed saamgewerk, veral onder die druk van 'n A-liga kompetisie.

Ons swemmers het uitstekende gees, uithouvermoë en sportmanskap getoon en elkeen het beslis Hoërskool Swellendam trots gemaak.

SWELLIES KLEURESPOORT SWEMGALA

Jean Mouton

Ná 'n kompeterende padwedloop en 'n gestreepte sokkie was dit tyd vir die swemmers om punte vir hul onderskeie spanne aan te teken.

Op 21 Januarie het die jaarlikse kleuresport swemgala plaasgevind. Alle leerders was welkom om aan enige item van hul keuse deel te neem. Daar was selfs 'n prettige "pajama"-afdeling, asook 'n "float and gloat"-wedloop vir senior leerders om hul kreatiewe dryftegniese ten toon te stel.

Uitstekende resultate is behaal en verskeie rekords is deur beide die Rooi- en Blou-spanne verbeter.

Baie dankie aan die Eerste Netbalspan vir die organisering en bedryf van die snoepie. Ná al die

opwinding het die Blou-span met 'n gemaklike voorsprong voorgeloop vir die kleureatletiek wat gevolg het.

PADWEDLOOP

Ruzanne Burger

Die jaarlikse padwedloop het op 19 Januarie plaasgevind en die opwinding vir Vrydag se atletiekdag was só groot dat dit reeds vroeg die kompetisie aan die gang gesit het.

Ilna Swart (R) was die eerste dogter om die wenpaal te haal, gevolg deur Inge van Wyk (R), met Janke van Tonder (R) in derde plek. By die seuns het Kyle de Bruyn (B) die wedloop gewen, met Gerome Booysen (B) en Janro du Plessis (B) in onderskeidelik tweede en derde plek.

Baie geluk aan al die Swellies met hul uitstekende tye en prestasies.



(BO: Matrikulante geniet hul laaste padwedloop)

KLEUREATLETIEK '26

Ruzanne Burger

Op 23 Januarie 2026 het Hoërskool Swellendam hul jaarlikse kleureatletiek gevier. Leerders het hul spanne en skool baie trots gemaak, en die ondersteuning langs die baan was fantasties!

Altesaam is 12 rekords tydens die byeenkoms gebreek — ses deur die Rooispan en ses deur die Blouspan. Die Victrix- en Victor Ludorum-titels is as volg toegeken:

- Junior dogter: Zané Kotze (B)
- Junior seun: Reynardt van der Berg (R)
- Senior dogter: Theuna Swart (R)
- Senior seun: Benji du Toit (B)

Die Rooispan het met die gees- en optogbikers weggestap, maar toe dit by wen of verloor kom, het die Blouspan die oorwinningskild huis toe geneem.

Dit was 'n dag om te onthou, en ons is trots op elke leerder wat deelgeneem het. 'n Betrokke Swellie is 'n gelukkige Swellie.



(BO: Graad 8 dogters neem deel aan hul eerste atletiekitem in die hoërskool)



(BO: Die rooispan dirigente met hul gees- en optogbikers)



(BO: Die blouspan dirigente met die oorwinningskild)